

Drie kleuters kry 'n pak



Net een diagram word gebruik om die drie pakkies op verskillende maniere met die fair isle-motief te versier

FAIR ISLE-PAKKIES

BENODIGDHEDE: Patons Beehive DK (50-g-bolle). **Aanmeekaarpakkie:** 4(5) bolle hoofkleur (H) en 2(2) bolle wit (W); 5 knope. **Broek-en-knooptruipakkie:** 5(5) bolle H en 2(2) bolle W; 6 knope; 'n hekelpen. **Broek-en-oortruipakkie:** 5(5) bolle H en 2(2) bolle W; 2 knope en 'n hekelpen. **Al drie pakkies:** Breinaalde van 3 mm en 3,50 mm.

MATE: Om borsmaat van 46(51) cm te pas; binnebeennaad 20(24) cm; lengte van truie 27(30) cm; mounate 18(21) cm.

SPANNING: 24 steke en 28 rye = 10 x 10 cm oor koussteek met 3,50-mm-breinaalde.

AFKORTINGS: r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek (steke); vermeer - vermeerder; vermin - verminder; tes - tesame; ks - koussteek (= een ry regs, een ry aweregs); rs - reksteek (= elke ry regs); gut - garing vorentoe om 'n steek te maak; beg - begin; herh - herhaal; pat - patroon; vlg - volgende; oorbl - oorblywende; RK - regte kant; VK - verkeerde kant; weersk - weerskante; rif - ruffelsteek (= een steek regs, een steek aweregs).

AANMEKAARPAKKIE

HOOFDEEL: Begin regtervoet: * Stel 4(6) steke met H en 3,50-mm-breinaalde op. Brei rs en vermeer 1 st aan weersk van 2e ry en daaropvlg 7e rye tot daar 20(22) ste op breinaald is. Brei reguit voort in rs tot werk 12(13) cm lank is vanaf begin. * Plaas steke op 'n reserwenaald.

** Stel 5(7) steke met H en 3,50-mm-breinaalde op, en brei ks, maar begin met 'n r-ry/en vermeer 1 st aan weersk van vlg 8

rye - 21(23) ste.

Brei verder ks en beg weer met 'n r-ry. Raadpleeg diagram en brei 17 rye volgens eerste 17 daarvan oor middelste 19 steke, maar hou 1(2) steke aan weerskante deurgaans in hoofkleur en lees r-rye van regs na links en aw-rye van links na regs. Brei 'n ekstra steek na stippellyn aan einde van r-rye en begin van aw-rye. Brei voort met H na 17 rye voltooi is, en brei nog 1(3) rye ks. **

Vasbreiry (voet): Brei regs met H tot einde van ry en brei steke op reserwenaald - 41(45) ste. Slaan oor na 3-mm-breinaalde en brei 11 rye rif, maar begin 2e ry met awl.

Vermeer-ry: awl, (vermeer in vlg st, awl) tot einde - 61(67)ste.

Slaan oor na 3,50-mm-breinaalde en brei 3 rye ks, maar beg met 'n aw-ry. ***

Brei 20-ry- fair isle-patroon oor al die steke en begin met eerste ry op diagram. Brei voort volgens diagram tot werk 20(24) cm lank is vanaf voet se vasbreiry, en eindig met 'n aw-ry. Plaas steke op 'n reserwenaald.

Herhaal van ** tot ** vir linkervoet. Plaas steke op 'n reserwenaald. Herhaal nou van * tot *.

Vasbreiry (voet): Soos regtervoet. Brei broekspyp nou soos regterbroekspyp, maar moenie steke op 'n reserwenaald plaas nie.

Vasbreiry (broekspyp): Hou patroon deurlopend korrek en stel 3 steke op, r tot einde, stel 5 steke op, r steke van regterbroekspyp en stel nog 3 steke op - 133(145) steke.

Begin en eindig met 'n halwe patroonherhaling, maar hou fair isle-patroon

deurlopend korrek tot werk 26(29) cm lank is vanaf vasbreiry van broekspyp en eindig met 'n aw-ry.

Verdeling vir mousgate: Hou patroon deurlopend korrek, r31(34), heg 5 ste af vir linkermousgat, r61(67), heg 5 ste af vir regtermousgat, r31(34).

REGTERAGTERPANT: Brei voort oor laaste stel steke tot werk 35(39) cm lank is vanaf broekspyp se vasbreiry en eindig met 'n aw-ry.

Skouervorming: Heg 16(18) steke lossies aan begin van vlg ry af en brei 1 ry. Plaas 15(16) steke op 'n stekehouer.

VOORPANT: Heg garing aan middelste stel steke vas, brei fair isle-patroon tot werk 31(35) cm lank is vanaf broekspyp se vasbreiry en eindig met 'n aw-ry.

Halsvorming: r20(22), r2tes, draai. Brei voort op dié steke, maar vermin 1 st aan halsrand in vlg 5 rye - 16(18) ste.

Brei 6 rye reguit en heg lossies af.

Plaas middelste 17(19) steke op 'n stekehouer.

Voltooi ander kant van voorpant om met eerste ooreen te stem.

Heg garing aan oorblywende steke vas om linkeragterpant te brei, sorg dat dit met regteragterpant ooreenstem - maar met skouervorming omgekeerd.

HALSSTROOK: Werk skouernate toe. Met 3-mm-breinaalde en H brei steke van linkeragterpant, tel op en r 13 ste oor linkerhalsrand van voorpant, r ste op stekehouer, tel op en r 13 ste oor regterhalsrand van voorpant en r dan steke van regteragterpant - 73(77).

Brei 7 cm rif, maar begin 2e ry met awl

en heg lossies rifsgegewys af.

MOUE: Stel 33(37) ste met 3-mm-breinaalde en M op en brei 17 rye rif. Begin 2e ry met awl.

Vermeer-ry: awl, (vermeer in vlg st, awl) tot einde — 49(55) ste.

Slaan oor na 3,50-mm-breinaalde, brei 2 rye ks en begin met 'n r-ry. ****

Brei fair isle oor al die steke (raadpleeg diagram) tot werk 18(21) cm lank is vanaf begin en eindig met 'n aw-ry.

Moukopvorming: Hou fair isle-patroon deurlopend korrek en heg lossies 4 steke aan begin van vlg 8 rye af. Heg lossies af.

KNOOPSGATSTROOK: Stel 5 steke met 3-mm-breinaalde en H op en brei 4 rye.

Knoopsgatry: r2, gvt, r2tes, r1.

Brei voort in rs en brei nog 4 knoopsgate, 3 cm uitmekaar. Brei na 5e knoopsgat nog 4 rye en heg af.

AFWERKING: Moenie pars nie. Werk moue in mousgate vas. Werk mounate toe. Werk binnebeen- en voetnaat toe, ruim voligheid van sool by voetrug, net onder enkelruffel in om hak te vorm. Vou halsstrook dubbel na verkeerde kant om en werk lossies vas. Werk knoopsgatstrook aan regteragterpant vas en begin bo. Werk oorblywende agterpantnaat toe. Werk knope teenoor knoopsgate aan linkeragterpant vas. Stoom liggies.

BROEK-EN-KNOOPTRUI-PAKKIE

BROEK: Hoofdeel: Soos hoofdeel van aanmeakaarpakke tot ***.

Brei eerste 17 rye oor al die steke volgens diagram, knip W af en brei voort in ks met H, maar begin met 'n aw-ry. Brei tot werk 20(24) cm lank is vanaf voet se vasbreiry, eindig met 'n aw-ry. Plaas steke op 'n reserwenaald.

Herhaal vir linkervoet van ** tot ** soos uiteengesit vir aanmeakaarpakke, en plaas steke op 'n reserwenaald.

Brei soos uiteengesit vir aanmeakaarpakke van * tot *.

Vasbreiry (voet): Soos regtervoet. Brei broekspyp soos uiteengesit vir regterbroekspyp, maar moenie steke op 'n reserwenaald plaas nie.

Vasbreiry (broekspyp): Stel 1 steek op, brei regs tot einde, stel 2 steke op, brei steke van regterbroekspyp, stel 1 steek op — 126(138) steke.

Brei voort in ks, maar begin met 'n aw-ry, en brei tot werk 24(27) cm lank is vanaf broekspyp se vasbreiry. Eindig met 'n aw-ry.

Brei 10 rye 2/2-rif en begin 2e ry met aw2.

Verdeel vir mousgate: Rif 26(30) en plaas dié 26(30) ste op 'n stekehouer. Heg 10 steke rifsgegewys af vir linkermousgat, rif 54(58), heg 10 steke rifsgegewys af vir regtermousgat, rif 24(28), r2tes.

Vorm 'n ring met die 26(30) ste op stekehouer deur soos volg te brei: r2tes, rif 24(28).

Brei voort in rye oor die 50(58) steke om agterpant te vorm, tot werk 32(36) cm lank is vanaf broekspyp se vasbreiry.

Vlg ry: Rif 14, heg 22(20) ste rifsgegewys af, rif 14.

Brei 3 cm rif oor laaste 14 ste. Heg af. Brei tweede kant om met eerste ooreen te stem.

Heg H aan oorbl 54(58) ste vas en brei rif tot werk 32(36) cm lank is vanaf broekspyp se vasbreiry.

Vlg ry: Rif 14, heg 26(30) ste af, rif 14.

Brei 3 cm rif oor laaste 14 steke en heg af. Brei tweede kant om met eerste ooreen te stem.

AFWERKING: Moenie pars nie. Werk skouernate en agterpantnate toe. Werk binnebeen- en voetnate toe en ruim voligheid van sool by voetrug in, net onder enkelruffel, om hak te vorm.

Hekel 1 ry kortbeen oor al die ruffelrande. Stoom liggies.

KNOOPTRUI: Hoofdeel: Stel 121(133) steke met 3-mm-breinaalde en H op en brei 6 rye rs.

Slaan oor na 3,50-mm-breinaalde en brei 2 rye ks, begin met 'n r-ry.

Brei fair isle-patroon volgens diagram en lees regsrye van regs na links en awe-regsrye van links na regs. Brei 'n ekstra steek na stippellyn aan einde van r-rye en begin van aw-rye.

Brei fair isle-patroon tot werk 18(20) cm lank is vanaf begin en eindig met 'n aw-ry.

Verdeel vir mousgate: Hou patroon deurlopend korrek en r28(31). Heg 5 ste af vir regtermousgat, r55(61), heg 5 steke af vir linkermousgat, r28(31).

LINKERVOORPANT: Brei voort oor laaste stel steke volgens diagram tot werk 23(26) cm lank is en eindig met 'n r-ry.

Halsvorming: Heg 9(10) ste af aan begin van vlg ry en vermin daarna 1 st aan halsrand van vlg 6 rye — 13(15) ste.

Brei 5 rye en heg lossies af.

AGTERPANT: Heg garing aan middelste stel steke vas en brei fair isle-patroon volgens diagram tot werk 27(30) cm lank is vanaf begin. Eindig met 'n aw-ry.

Skouervorming: Heg 13(15) steke lossies aan begin van vlg 2 rye af. Plaas oorbl 29(31) steke op 'n reserwenaald.

REGTERVOORPANT: Heg garing aan oorbl steke vas en voltooi om met linkervoorpant ooreen te stem, halsvorming omgekeerd.

MOUE: Soos moue van aanmeakaarpakke.

VOORPANTSTROKE: Stel 5 steke met 3-mm-breinaalde en H op en brei 4 rye rs.

Knoopsgatry: r2, gvt, r2tes, r1. Brei voort in rs en brei nog 5 knoopsgate, 3,5(4) cm uitmekaar.

Na 6e knoopsgat, brei voort in rs tot werk, effens gerek, 24(27) cm lank is en heg af.

Brei nog so 'n strook, maar sonder knoopsgate.

HALSSTROOK: Werk skouernate toe. Met 3-mm-breinaalde en H, tel 21(22) steke op oor regtervoorpant se halsrand, r steke oor halsrand van agterpant, tel op en r 21(22) steke oor linkerhalsrand van voorpant. Brei 6 rye rs en heg af.

AFWERKING: Werk moue in mousgate vas en werk mounate toe. Werk voorpantstroke in posisie aan voorpante vas, sodat knoopsgate aan regterkant vir 'n meisie of aan linkerkant vir 'n seun is. Werk knope teenoor knoopsgate vas. Stoom liggies.

BROEK-EN-OORTRUI-PAKKIE

OORTRUI: (Agter- en voorpant, eenders): Stel 61(67) steke op met 3-mm-breinaalde en H, en brei 5 cm rif, maar begin 2e ry met awl.

Slaan oor na 3,50-mm-breinaalde en koussteek en brei voort tot werk 14(17) cm lank is vanaf begin. Eindig met 'n aw-ry.

Raadpleeg diagram en brei van 9e tot 17e ry terwyl r-rye van regs na links gelees word en aw-rye van links na regs. Brei 1 ekstra steek na stippellyn aan einde van

r-ry en aw 1 ekstra steek aan begin van aw-ry, voor stippellyn.

Brei na 17e pat-ry 1 ry aw met H en brei dan van 1e tot en met 17e ry soos aangedui op diagram.

Brei 1 ry aw met H en brei dan 3 cm rif met H, maar begin 2e ry met awl.

Heg lossies rifsgegewys af.

MOUE: Soos uiteengesit vir aanmeakaarpakke tot ****.

Brei 17 rye volgens eerste 17 op diagram.

Brei voort in ks met H en begin met 'n aw-ry. Brei tot werk 17(20) cm lank is vanaf begin en eindig met 'n aw-ry.

Brei 4 rye r en heg lossies regsgegewys af.

AFWERKING: Stoom liggies. Werk 5(6) cm op skouers vir skouernate toe. Werk afheggrande van moue aan syrande van voor- en agterpant vas en begin en eindig 10(11) cm van skouernate af.

Werk sy- en mounate toe en stoom nate liggies. Maak 'n lus, groot genoeg om 'n knoop deur te druk, aan weerskante van halsstrook van voorpant en werk knope teenoor lusse aan weerskante van halsstrook van agterpant vas.

BROEK: Hoofdeel: Stel 40(44) steke met 3-mm-breinaalde en H op vir regterbroekspyp en brei 11 rye rif.

Vermeer-ry: (Vermeer in vlg st, awl) tot einde — 60(66) ste.

Slaan oor na 3,50-mm-breinaalde, brei ks tot werk 20(24) cm lank is vanaf begin en eindig met 'n aw-ry. Plaas steke op 'n reserwenaald.

Brei linkerbroekspyp op dieselfde manier, maar moenie steke op 'n reserwenaald plaas nie.

Vasbreiry (broekspyp): Stel 1 st op, r tot einde, stel 2 ste op, r ste van reserwenaald, stel 1 st op — 124(136) ste.

Brei 12(14) cm reguit in ks en begin en eindig met 'n aw-ry.

Slaan oor na 3-mm-breinaalde en brei 4 rye rif.

Vlg ry: r1, (gvt, r2tes) tot laaste st, awl.

Brei nog 4 rye rif en heg rifsgegewys af.

AFWERKING: Stoom slegs die koussteekdeel liggies. Werk agterpantnaat en daarna binnebeen- en voetnate toe. Hekel met hoofkleur 'n ketting, 80(85) cm lank, en ryg dit deur gaatjies by middeltjie om voor vas te strik. Stoom nate liggies.

DIAGRAM VIR FAIR ISLE-PAKKIES

